*S.P. du T. Viljoen*

# DIE STELSEL VAN BEDRYFSVRYHEID

**1. Wat is die stelsel van bedryfsvryheid?**

Daar is in die moderne ekonomieë twee fundamentele verskillende maniere waarop die ekonomiese prosesse gekoördineer kan word: deur die staatsadministrasie en deur die markmeganisme.

Die sentraal geadministreerde of geleide ekonomie steun oor die hele linie op owerheidsvoorskrifte en owerheidsbeplanning, vir die koördinasie van die ekonomiese bedrywigheid. Ekonomies word alle bedrywighede voorgeskryf, gelei en beheer. Wat die beheer betref, is die burokrasie gesentraliseerd: inligting stroom na bo, beslissings na benede. Polities is die kader van die sisteem monolities: die staat stel in beginsel belang in alle aktiwiteite van sy onderdane en kan geen enkele eienskap daarvan duld wat nie strook met sy eie aard nie. Hierdie toestand van sake word kragtig gesteun deur 'n geskikte ideologie. Persoonlike strewe moet, in die eerste plaas, op promosie binne die staatshiërargie gerig wees.

In teenstelling met die sentraal geleide ekonomie is die stelsel van bedryfsvryheid gedesentraliseerd en op die mark georiënteerd. Iedereen neem in meerdere of mindere mate en hetsy direk of indirek individueel deel aan die beslissingsproses. Dit is 'n stelsel waarin die individue, wat elkeen sy eie doelstellings nastreef, vryelik met mekaar saamwerk om die goedere en dienste te verskaf wat elkeen begeer. Die hele stelsel word in ewewig gehou deur 'n reeks prysbepalende markte wat die nodige produksiefaktore aantrek en die aanbod van eindprodukte en dienste bepaal.

**2. Waarom glo ons aan die stelsel van die bedryfsvryheid?**

*2.1 In die eerste plaas omdat die vrye ekonomie 'n veelvuldige inisiatief aanmoedig*

'n Ekonomie waarin daar mededinging heers, het die groot voordeel dat dit 'n ongeëwenaarde geleentheid bied aan die individu om sy eie keuse te doen, sy eie oordeel te gebruik en selfverantwoordelik te wees.

Dit staan die verbruiker vry om sy inkome te bestee soos hy goeddink, die ondernemer om sy kapitaal te investeer in die sektore wat die hoogste

opbrengs belowe en die werknemer om die werk te aanvaar wat hom die meeste voldoening gee. Deur 'n eenvoudige maar effektiewe stelsel van belonings en boetes word elke individu aan sy taak gebind. Deur verkeerde besluite word hy onmiddellik benadeel en dit dien as prikkel tot verbetering. Die konkurrensie in die stryd om die bestaan stimuleer die toepassing van verbeterings en is 'n baie effektiewe metode om ondoelmatige individue uit te skakel en om die ondernemingslus en die selfvertroue aan te moedig. Ten slotte word die beloning van elkeen wat aan die produksieproses deelneem, half-outomaties volgens 'n objektief bepaalde standaard vasgestel en wel min of meer in ooreenstemming met die waarde van sy dienste.

*2.2 In die tweede plaas is die stelsel van die bedryfsvryheid 'n hoogs dinamiese stelsel*

Produksie met die doel om wins te maak verklaar die spesiale aard van die kapitalistiese stelsel, omdat dít die faktor is wat aan die stelsel sy dinamiese aard verleen. Gewoonlik word die kapitalisme beskuldig dat hy die produksie organiseer met die oog op wins in plaas van diens aan die gemeenskap. In werklikheid dien die winsmotief as belangrike middel om te verseker dat die doeleindes van die individuele onderneming ooreenkom met dié van die gemeenskap as geheel. Aangesien wins uiteindelik die verskil is tussen geproduseerde en verbruikte waarde, is dit 'n belangrike kriterium van die netto waarde wat geskep word. Vergroting van die netto waarde beteken verhoging van die nasionale produk. Dit is 'n sosiaal gewenste doel; trouens, dit is een van die belangrikste doelstellings van alle gemeenskappe. Selfs in 'n sentraal geleide ekonomie sal, soos terloops die Russiese ekonome tans volhou, die maak van wins dus 'n belangrike mikro-ekonomiese doel moet wees.

Die dryfkrag van die vrye mededinging en vrye inisiatief bring mee dat die kapitalistiese ekonomie hoogs dinamies is. In 'n stasionêre ekonomie sou die wins, by vrye en effektiewe konkurrensie, sowel in totaal as marginaal die neiging hê om geheel te verdwyn. Wins kan alleen blywend gemaak word deur verandering en vernuwing teweeg te bring en deur die ekonomie uit te brei. Voortdurende uitbreiding was in die geskiedenis nog steeds 'n wesenlike voorwaarde vir die doeltreffende funksionering van die vrye ekonomie.

*2.3 Die stelsel van bedryfsvryheid bied ten slotte gunstige voorwaardes vir die verwesenliking van 'n groot mate van politieke en persoonlike vryheid*

Hierdie vryhede word gewaarborg deur 'n stelsel gegrond op die partikuliere inisiatief en outomatiese prysvorming op die mark. Nie alleen is die po-

litieke mag in dergelike ekonomieë in die algemeen wyd verspreid nie, maar omdat daar privaatbesit en 'n partikuliere ekonomiese sektor is, bestaan alternatiewe moontlikhede van werksaamheid, van kommunikasie en van magsuitoefening. Groot vryheid word ook gewaarborg deur die beleid om die individu sy eie bestaan te laat voer. Vandaar die vryheid van oortuiging, van meningsuiting, van die pers en van vereniging en vergadering wat die stelsel verseker, en die staatmaak op persoonlike inisiatief en selfverantwoordelikheid wat dit bevorder. Die vrye ekonomie, die ope gemeenskap en die demokratiese regeringsvorm is onafskeidelik aan mekaar verbonde.

### 3. Beperkinge van die stelsel

Omdat daar soveel misverstand oor die stelsel bestaan, het ek sy eienskappe en voordele probeer benadruk. Spontane koördinasie deur die markmeganisme het egter sekere beperkinge. So het hy nie daarin geslaag om 'n algemeen aanvaarbare oplossing vir bepaalde belangrike ekonomiese probleme te bied nie. Voorbeelde is die inkomsteverdeling, die voorsiening van sekere dienste, die handhawing van ekonomiese stabiliteit, die versekering van 'n bevredigende groeitempo in bepaalde omstandighede en die verwesenliking van sekere sosiale doeleindes op die lang termyn. Om hierdie redes moes in alle vrye volkshuishoudings sekere dienste noodwendig ingestel word op grond van die beslissinge van groepe wat via die politieke proses optree, en nie deur individuele beslissinge wat deur die markmeganisme bepaal word nie.

Die kritiek wat gewoonlik op die stelsel van bedryfsvryheid uitgeoefen word, is die volgende:

#### *3.1 Dat die produksie geskied met die doel om wins te maak en nie om dienste aan die gemeenskap te verleen nie*

Sekere voordele van die winsmotief het ons reeds behandel. Dit het veral ook die makro-ekonomiese voordeel dat dit die produsent dwing om hom vir 'n baie groot deel aan te pas by die keuse van die konsument. So moet in 'n vrye ekonomie die aanwending van die hulpbronne ooreenkom met die skaal van waardes wat op die mark heers, 'n skaal wat deur die voorkeur van verbruikers bepaal word. Hoe anders is dit in 'n sentraal geleide ekonomie waar die aanwending bepaal word deur die wense van die regering.

*3.2 Die kapitalistiese stelsel is verouderd en ondoeltreffend*

Hoe steek die doeltreffendheid van die twee stelsels in die werklikheid die een teenoor die ander af? Die probleem is dat die doelmatigheid alleen betrekking het op die doelstellings wat 'n ekonomie wil bereik en dat hierdie doelstellings fundamenteel verskil.

Die vrye ekonomie is 'n vraag-ekonomie en sy doel is die bevrediging van die behoeftes van die verbruikers.

'n Kommunistiese ekonomie, weer, is 'n gereglementeerde ekonomie, en die leiers is deurgaans daarop uit om die mag van die staat, sowel binnelands as buitelands, te verhoog. Vir sover dit die statiese doelmatigheid betref, was die ekonome van Adam Smith tot Alfred Marshall oortuig dat die kapitalistiese stelsel in 'n toestand van effektiewe konkurrensie die optimale besteding van die beskikbare hulpbronne sou verseker en dat dit tot die maksimale bevrediging van die verbruiker se behoeftes sou lei. Keynes het sekere voorbehoude gehad aangaande die noodsaaklikheid van sentrale beheer met die doel om die verbruikersgeneigdheid by die beleggingsgeneigdheid aan te pas.

Wat Rusland betref, sê 'n vooraanstaande kenner van die Sowjet-ekonomie: „Co-ordinative planning as it is conducted in the Soviet Union does little by way of finding efficient patterns of resource allocation ... It is apparently conducted with little reference to systematic, rational rules of choice or definite notions of efficience"[1].

Die antwoord van die sosialiste hierop is egter dat die belangrike nie statiese doeltreffendheid is nie maar dinamiese doelmatigheid, dit wil sê die vermoë om ekonomiese groei te bevorder.

In 'n vergelyking van die prestasies van die kommunistiese lande van Oos-Europa met dié van die kapitalistiese lande van die Westerse wêreld gedurende die na-oorlogse jare, veral vir sover dit die toename in die arbeidsproduktiwiteit in terme van die skepping van inkome vir die werknemers betref, kom Bergson tot die gevolgtrekking dat die sentraalgeleide ekonomieë as groep nie beter as die kapitalistiese markekonomieë as groep gevaar het nie. Ten spyte van die voordele wat die kommunistiese lande verkry het deur die moderne tegnologie op groot skaal van die Weste oor te neem en 'n groot deel van hulle volksinkome vir investeringe aan te wend, is hulle vooruitgang

1) Grossman, *Comparative Economic Systems*, p. 142.

gestrem deur 'n lae koers van tegnologiese ontwikkeling.

Die gevolg is dat ons Russiese propaganda oor die hoër produktiwiteit van die kollektivistiese industrie deesdae selde hoor. Die ekonomiese groeikoers van die Sowjet-blok, soos weerspieël in amptelike syfers, 'n groot propagandaset in die verlede, word nou selfs deur sosialiste as betekenisloos beskou.

Die een sektor van die Sowjet-ekonomie ten aansien waarvan 'n mens die partikuliere en die openbare bedrywe met mekaar direk kan vergelyk, is die landbou, waarin ongeveer 'n derde van die land se beroepsbevolking werksaam is. Hier produseer die private kleinhoewes, wat slegs drie persent van die totale landbou-oppervlakte beslaan, nie minder nie as 25 persent van die totale bemarkbare landbou-opbrengs. Hulle produktiwiteit per hektaar is agt maal groter as die van die owerheidsbedrywe.

Die Sowjet-Unie bestee sy beste breinkrag en 'n buitensporige deel van sy nasionale produk aan sy militêre toerusting. So is die BNP van Rusland slegs ongeveer die helfte van dié van die Verenigde State. Sy militêre uitgawes is egter minstens 50 persent groter as dié van Amerika. Die fisikus Andrei Sakharov, vader van die Sowjet se waterstofbom en een van Rusland se vooraanstaande protesteerders, het onlangs verklaar dat Rusland 'n permanente militêre ekonomie tot stand gebring het wat na sy omvang in vredestyd ongeëwenaard is en 'n las vir die bevolking en 'n gevaar vir die hele wêreld uitmaak.

### *3.3 Ten slotte is daar die argument dat die vrye volkshuishouding 'n inherente tendens tot konsentrasie en monopolievorming vertoon*

By die ontleding van hierdie kritiek moet 'n mens natuurlik in die eerste plaas onderskei tussen konsentrasie en monopoliemag.

Wat die eerste betref: Hoewel daar inderdaad 'n groot mate van konsentrasie in sommige sektore van die Westerse ekonomieë bestaan, is daar geen bewys van 'n gebiedende historiese mag wat onvermydelik tot gevolg sal hê dat 'n steeds toenemende deel van die ekonomiese bedrywighede in die hande van die grootste firmas sal beland nie.

Die mees omvattende ondersoek oor hierdie saak is deur Nutter in die Verenigde State gedoen. In sy jongste werk kom hy tot die gevolgtrekking dat, wat die sakewêreld betref, en met uitsluiting van die arbeidsmonopolie, daar geen bewys is van 'n betekenisvolle toename van die monopolie in die

ekonomie as geheel van 1899 tot 1958 nie[2].

Ook skyn dit of die konsentrasie in Japan nie toegeneem het nie. Die enigste gebied waar die konsentrasie in die nywerheid wel toegeneem het, is in die Europese Gemeenskapsmark.

Die moeilikheid met al hierdie ondersoeke is egter dat hulle grotendeels tot die fabriekswese beperk is en dat hulle die diensverlenende sektor uitsluit; en dié is nie alleen baie groter nie maar groei ook sneller en bestaan meestal uit klein firmas wat deur hul eienaars en vennootskappe bestuur word.

Wat egter ook al die bestaande omvang van die konsentrasie mag wees, daar is geen bewys dat die monopoliemag, dit wil sê die vermoë van firmas om die pryse van die goedere wat hulle verkoop te bepaal, in die Westerse wêreld toegeneem het nie. Die mededinging tussen groot ondernemings kan net so moordend wees soos onder kleineres. Die konkurrensie word op baie gebiede verskerp deur die tegnologiese vooruitgang, wat die reeks onderling vervangbare produkte vergroot; deur die toenemende internasionale handel, wat die konkurrensie oor nasionale grense verhoog; en deur verbeterings in die verkeer en die kommunikasiewese, wat die markte na gebied sowel as bevolking vergroot.

'n Mens hoef nie die onbeperkte geloof van die ortodokse ekonoom in die outomatisme van die markmeganisme te deel om die omvattende en strenge dissipline te waardeer waaraan hy alle ondernemings, hoe groot ook al, onderwerp nie.

Op twee gebiede het die monopoliemag in die jongste tyd egter geweldig toegeneem, naamlik op dié van die aanbod van olie en die georganiseerde arbeid.

### 4. Die oliekartel

Eensydige aksie deur lande of groepe lande ten einde die opbrengs van hulle uitvoergoedere te verhoog en om pryse op 'n hoë vlak te hou deur die vorming van kartelle, het nog altoos voor byna onoorkomelike moeilikhede te staan gekom. Trouens, daar is nie baie omstandighede waarin die pryse gedurende 'n lang tyd op 'n niveau gehou kan word wat bo die vrye mark-

2) Nutter en Einhorn, *Enterprise monopoly in the United States.*

prys geleë is nie. Die Organisation of Petroleum Exporting Countries (OPEC) van 1973 was 'n kartel wat 'n ongehoorde en dramatiese uitsondering op hierdie reël vorm.

Die omstandighede vir die stigting en sukses van die organisasie was ideaal: die groeiende afhanklikheid van die geïndustrialiseerde lande van die wêreld van ingevoerde olie, die onelastisiteit van die vraag na die produk en veral die afwesigheid van 'n produk wat dit op die kort termyn kan vervang, die konsentrasie van die produksie vir die uitvoer in 'n paar nou-verwante lande met die laagste produksiekoste, en ten slotte die besef dat 'n snel afnemende hulpbron teenoor 'n voortdurende en groeiende wêreldmark te staan gekom het.

Die stigting van die OPEC en die besluit om die produksie in te kort en die prys drasties te verhoog, het die wêreld voor 'n energiekrisis van ongehoorde omvang geplaas.

Die beslissing was in die eerste plaas skrikwekkend omdat sulke enorme bedrae daarmee gemoeid was. Toe die olieprys verviervoudig is, het dit beteken dat die invoerlande, wat in 1972 ongeveer 20 miljard dollar vir die olie betaal het, hul koste skielik sien styg het tot meer as 80 miljard in 1974.

Dit het die geïndustrialiseerde lande voor 'n enorme, en in die geval van sommige lande, prakties ondraaglike finansiële las geplaas. Vir die minder ontwikkelde lande was die posisie in die meeste gevalle nog ernstiger. Hulle olierekening het van 5 miljard dollar in 1973 tot 15 miljard dollar in 1974 omhoog geskiet, 'n toename wat die totale buitelandse hulp aan hulle in dié jaar oorskry het.

Olie het 'n oorheersende invloed op die wêreldekonomie, omdat dit byna die helfte van die totale wêreldverbruik van energie bevredig. Sy invloed op die wêreldhandel blyk uit die feit dat die waarde van die olie-uitvoer ruweg gelyk is aan dié van alle ander minerale en landbouprodukte. Die styging van die olieprys het tot gevolg gehad dat die inflasie in die ontwikkelde lande toegeneem en hul groei vertraag het. En aangesien die meeste olie-uitvoerende lande nie hul invoer by hul veel groter uitvoer kan aanpas nie, moet die res van die wêreld toesien dat die Arabiere steeds toenemende aanspraak op hul besittinge verwerf.

**5. Die georganiseerde arbeid**

Daar is nog 'n monopolie wat 'n steeds toenemende gevaar vir die doelmatige funksionering van die vrye ekonomie inhou, naamlik die georganiseerde arbeid.

Vakverenigings is 'n uitvloeisel van die moderne industrialisme. Hulle het

in noue samewerking met die politieke arbeidsbeweging ontwikkel. So het hulle sosiale en politieke mag toegeneem en kon hulle die ekonomiese oogmerke van hul lede verwesenlik. Hulle was trouens die vernaamste aanhangers van die sosialistiese beweging.

Onder die invloed van die vakverenigings het kollektiewe arbeidsooreenkomste, wat deur onderhandeling tussen die vakverenigings en die werkgewersorganisasies tot stand kom, langsamerhand die vernaamste manier geword waarop loon- en arbeidsvoorwaardes in die Weste bepaal word. Aanvanklik het die georganiseerde arbeid om suiwer ekonomiese redes 'n bestaansreg gehad, naamlik as teenwig teen die sterker bedingingsposisie van die werkgewers.

Langsamerhand het dit egter die magtigste en bes-georganiseerde mag in die Westerse ekonomieë geword en kan dit die effektiewe funksionering van die markmeganisme belemmer, deur oormatige druk in die onderhandelingsproses uit te oefen. Veral die stakingswapen, wat strydig is met die wese van die moderne sterk geïntegreerde ekonomieë, kan deur strydlustige arbeidsleiers misbruik word om nie alleen die volkshuishouding nie maar selfs die demokratiese regeringstelsel te ondermyn.

Die huidige dekade het 'n merkwaardige verandering in die nywerheidstruktuur van Europa beleef. Hier het 'n stil rewolusie plaasgevind, met verbasend min publisiteit en georganiseerde verset, wat hom die verskuiwing van invloed en mag van die besittende en beherende groep na die arbeiderklas ten doel stel. Die beweging is polities geïnspireerd en deur wetgewing onderskraag, en het vyf grondvorme aangeneem:

(i) medeseggenskap in die vorm van verteenwoordiging van die werknemers op die direksies van maatskappye, met 'n persentasie van werknemer-verteenwoordiging wat varieer van 33 tot 50 persent;

(ii) die instelling van verpligte fabrieksrade, met die reg om oor feitlik alle bestuursbeslissinge te onderhandel;

(iii) deelname deur die arbeiders (dit wil sê in werklikheid deur hul vakunies) in die bedryfsleiding;

(iv) deelname deur die werknemers in die kapitaal van maatskappye; en

(v) die reg van kollektiewe onderhandeling.

Hierdie verreikende veranderings het vry algemeen gepaard gegaan met betuigings, van die kant van die beweging se ondersteuners, van 'n sterk geloof in en steun vir die vrye ekonomie en sy stelsel van voordele en vergoeding. Die beweging is 'n uiting van die vasberadenheid van die sosialistiese leiers om die mag oor te dra van die weiniges na die vele, en om 'n aandeel in die leiding van die ondernemings te verkry en om hul politieke mag te gebruik om hierdie veranderings tot stand te bring.

## 6. Administratiewe beheer

Gedurende die groot depressie van die jare dertig en onlangs weer in die vroeë jare sewentig was daar 'n uitgesproke tendens in die Westerse wêreld om administratiewe beheer, en veral prysbeheer, in te stel. So met betrekking tot die landbou is die bemarking, vasstelling van pryse en die verdere verwerking van produkte onder beheer geplaas.

Die voorstanders van die toepassing van administratiewe beheer in die landbou het die stelsel met die argument verdedig dat, deur die snelle verbetering van die tegniek in die landbou en die lae inkomenselastisiteit van die vraag na landbouprodukte, die pryse in die landbou aan 'n chroniese depressie onderhewig is. In die internasionale markte word landbouprodukte grotendeels teen gedumpte pryse verkoop. Die instelling van beheerrade het dus op versoek van die produsente plaasgevind om hulle prysbedingingsvermoë te versterk en om die aanbod te beheer.

Wel het die prysbeheer 'n groot mate van prysstabiliteit vir die boere tot gevolg gehad en ook vir ondernemings wat die produkte van die landbou verwerk. Uit die aard van die saak leen die stelsel hom egter maklik tot misbruik deur die druk wat deur politieke magsgroepe uitgeoefen kan word. Dit het die owerheid in alle lande groot bedrae aan subsidies gekos en die instelling van 'n ingewikkelde administratiewe apparaat genoodsaak.

Met betrekking tot die ander sektore van die ekonomie was die groot uitbreiding van prysbeheer in die afgelope jare 'n natuurlike politieke reaksie op die inflasieproses. Behalwe in 'n monopolieposisie dien die prysbeheer egter altyd slegs as tydelike hulpmiddel omdat dit onvermydelik sy doel verydel deur investering in die betrokke bedryfstak te ontmoedig. Met die toepassing van 'n inkomensbeleid is oral 'n nog meer tydelike sukses behaal.

## 7. Nog 'n gevaar

In Suid-Afrika is die stelsel van bedryfsvryheid blootgestel aan nog 'n gevaar: *die moontlike verwerping van die ekonomiese en maatskaplike stelsel deur 'n groot deel van die bevolking.*

Om politieke, ekonomiese en kulturele redes word die vrye volkshuishouding en die beperkte demokratiese stelsel deur die Swartes met Wit oorheersing vereenselwig. Die ondernemers- en bestuursfunksies word oorwegend deur die Blankes vervul, die grootste deel van die grond en ander kapitaalbesittinge is in Blankehande en die grootste deel van die volksinkome kom hulle toe. Die Swartmense is nog oorwegend arbeiders en boere, en dit is dus vir hulle moeilik om hulle met die vrye volkshuishouding te vereensel-

wig.

Soos in die res van Afrika sal 'n toenemende neiging tot 'n polarisering van belange en ideologieë ontstaan. Dit kom reeds duidelik te voorskyn, nie alleen in die betrekkinge tussen Wit en Swart nie, maar ook onder die Swartes self. Dit blyk duidelik uit die botsing tussen die houding van die jong militante aktiviste en dié van hulle konformerende ouers in die Swart stede, sowel as dié van die konserwatiewe stamregerings in die Swart state en dié van die radikale produkte van skole en universiteite.

Op ekonomiese vlak bestaan die gevaar dat dit in 'n konflik sal ontaard oor die voortbestaan van 'n vrye markekonomie en die instelling van 'n sentraal-geleide volkshuishouding, en op politieke vlak oor 'n vorm van verteenwoordigende demokrasie en 'n totalitêre bewind. Dit gaan wyse staatsmanskap op politieke sowel as op ekonomiese gebied vereis om 'n toekomstige polarisasie op rassegrondslag tussen hierdie uiterstes te vermy.

Gelukkig het 'n langdurige en baie grondige ondersoek wat 'n Duitse navorsingsgroep gedurende die jare sewentig in ons Swart stede onderneem het, tot die gevolgtrekking gelei dat die Swart stedelinge nog geneë is om die vrye markekonomie te aanvaar.

Hulle sien in dat die verskillende rassegroepe mekaar op die ekonomiese gebied eerder aanvul as teenwerk, en hulle wil deel in die voordele van die gemeenskaplike ekonomie. Hulle wil hul posisie binne die bestaande stelsel graag verbeter deur eie ondernemings te stig en dié te vestig waar die voorwaardes die gunstigste is. Hulle hoogste prioriteit is om hulle lewenstandaard so snel moontlik te verhoog[3].

**8. Vooruitblik**

In hoeverre sal dit moontlik wees om hierdie steeds toenemende verwagtings te bevredig?

Daar word selde besef hoe 'n uiters arm land Suid-Afrika tot heel onlangs was.

Laat ons 'n redelik goeie jaar, naamlik 1925, as voorbeeld neem. Ons BBP was toe slegs R530 miljoen en ons staatsbegroting R40 miljoen. Indien ons die geldontwaarding wat intussen plaasgevind het, in ag neem, is hierdie syfers naastenby gelyk aan dié van Kaapstad vandag. Daar was destyds meer as

3) Hanf, Weiland en Vierdag, *Südafrika: Friedlicher Wandel?*

300 000 armblankes en die meerderheid Swartes het in die grootste armoede geleef.

Toe, in die jare dertig, het ons die pad van 'n hom-self-voortstuwende ontwikkeling ingeslaan.

Ons het daarin geslaag om 'n saamgestelde groeitempo in ons ekonomie in te bou.

Om 'n reële koers van vier en 'n half persent in die jare dertig en veertig te handhaaf, vyf persent in die jare vyftig en vyf en 'n half persent in die jare sestig.

Die betekenis van 'n saamgestelde groeikoers in die ekonomie is dat Suid-Afrika, by handhawing van hierdie koerse tot aan die einde van die eeu, byna dieselfde per kapita inkomste sal hê as die Verenigde Koninkryk op die oomblik. Dit ondanks die feit dat die bevolking hom byna gaan verdubbel.

Suid-Afrika sou 'n eersterangse ekonomiese moondheid wees. Nog belangriker is dat die armoede as massaverskynsel onder die Swartes sou verdwyn, soos in die jare dertig en veertig by die Blankes gebeur het.

Die vraag is: kan ons hierdie groeikoerse in die toekoms handhaaf? Die volgende faktore is in ons guns:

(i) Suid-Afrika is een van die vier mineraalrykste gebiede in die wêreld. Hy sal dus in staat wees om grondstowwe te voorsien wat al skaarser word en waarna die vraag steeds toeneem. Dit sal 'n voordelige uitwerking op ons ruilvoet en betalingsbalans hê.

(ii) Die land sal in staat wees om sy snelgroeiende bevolking te voed terwyl sy lewenstandaard voortdurend styg. Ons is slegs een van 'n paar lande op die wêreld wat nog 'n landbousurplus vir uitvoer het.

(iii) Ons het 'n moderne nywerheidstruktuur tot stand gebring wat ongetwyfeld as die groeisektor van ons ekonomie sal voortbestaan. Daarbenewens het ons 'n ontwikkelde finansiële en distribusiestelsel en 'n uitgebreide infrastruktuur van dienste.

(iv) Laastens, maar nog die belangrikste, het ons die mense wat nodig is vir die ontwikkeling van die land – die administrateurs, die ondernemers, die bestuurspersoneel en die werkers.

Maar ons toekomstige groeikoers sal ook in 'n groot mate deur eksterne faktore bepaal word: deur politieke toestande in die binneland en in die buiteland en deur die oorsese ekonomiese klimaat, en nie een hiervan lyk tans te bemoedigend nie.

Een ding is seker: dit gaan baie moeiliker wees om in die voorsienbare toekoms 'n hoër groeikoers te handhaaf as in die goue jare sestig.

'n Ander aspek van die toekoms is egter dat ons vinnig moet bly ontwik-

kel ten einde die groot getal nuwe arbeidskragte wat jaarliks tot die arbeidsmark toetree, van werk te voorsien. Volgens BENSO beloop net die nuwe Swart-werksoekers tans jaarliks 216 000 en sal hierdie getal teen die einde van die eeu aangroei tot 312 000. Hulle sal in ongeveer gelyke getalle uit die selfregerende en onafhanklike state enersyds en die Blanke-gebiede andersyds kom. Dit beteken dat net vir die Swartes sowat ses miljoen nuwe werkgeleenthede gedurende die volgende 22 jaar in hierdie land geskep sal moet word.

Dit is die grootste uitdaging waarvoor die Suid-Afrikaanse ekonomie tans te staan gekom het.

**